1997/015589/06

KLK LANDBOU BEPERK

(Hierna *'KLK' genoem.)*
(KLK sluit ook verwante entiteite in waar van toepassing)
Geregistreerde Kredietverskaffer: NCRCP 2580

ADDENDUM TOT KREDIET- / REKENINGOOREENKOMS

ENGLISH VERSION ON PAGES 3-4
COMPLETE ONLY AFRIKAANS OR ENGLISH

[Hierdie ooreenkoms vorm deel van die Partye se bestaande Krediet- / Rekeningooreenkoms (hierna *'Hoofooreenkoms'*). Die Hoofooreenkoms word hierby geïnkorporeer asof woordeliks hierin herhaal en hierdie Addendum sal te alle tye geïnterpreteer en toegepas word behoudens die Hoofooreenkoms.]

Die woord ***'PIN'*** in hierdie Addendum verwys na u **VERTROULIKE PERSOONLIKE IDENTIFIKASIE NOMMER/S** gekoppel aan u ondergemelde rekening.

Geregistreerde/Individu Naam:_____

_____
(Bestaande Rekeninghouer)

Rekeningnommer:_____

Selfoonnommer:_____

Epos Adres:_____
(Hierna *'Rekeninghouer'*)

Hierdie Addendum is 'n uiteensetting van Rekeninghouers se regte en verpligtinge verbonde aan 'n PIN en gekoppelde KLK-rekening. Rekeninghouers se belange is vir KLK belangrik en hulle moet hierdie Addendum en die Hoofooreenkoms sorgvuldig bestudeer.

DIE PARTYE KOM SOOS VOLG OOREEN:

PERSOONLIKE IDENTIFIKASIE NOMMER (PIN):

1. Die gebruik van 'n PIN verbeter sekuriteit en beskerm die privaatheid van alle Partye met betrekking tot die operasionele stelsels en inligting wat verwerk word tydens transaksies tussen KLK en Rekeninghouers. Dit het ten doel om ongemagtigde toegang tot Rekeninghouers se rekeninge te beperk.
2. Rekeninghouers kan gevolmagtigde persone aanwys wat elkeen 'n unieke PIN moet kies en gemagtig sal wees om transaksies met KLK op die Rekeninghouer se rekening te doen.
3. Die PIN identifiseer Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes en magtig transaksies vir die verkryging van goedere en dienste op 'n Rekeninghouer se rekening by KLK, waar die PIN-stelsel gebruik kan word.
4. 'n PIN moet 'n kombinasie van syfers wees wat deur die betrokke Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes gekies sal word. 'n PIN, wat nie maklik geraai kan word nie, moet gekies word.
5. Elke Rekeninghouer en die se gevolmagtigdes sal hulle eie unieke PIN kies, wat vertroulik gehou moet word en slegs persoonlik gebruik mag word.
6. Die PIN word geag 'n elektroniese handtekening te wees en identifiseer die gebruiker daarvan as die Rekeninghouer of 'n gevolmagtigde gebruiker.
7. KLK beskou die gebruik van 'n PIN as 'n behoorlike magtiging van die betrokke transaksie(s) op 'n Rekeninghouer se rekening. KLK is geregtig om uitvoering te gee aan enige transaksie wat met 'n PIN gemagtig word.
8. Enige transaksie(s) waarvoor 'n PIN gebruik word, sal dieselfde regsgevolge hê as 'n getekende, geskrewe instruksie deur die Rekeninghouer.
9. Wanneer 'n PIN derhalwe aan iemand gegee word, magtig dit daardie persoon om op 'n regmatige wyse goedere en dienste op die betrokke Rekeninghouer se rekening by KLK te bekom.
   Indien sekere transaksies sonder die verskaffing van 'n PIN deur KLK toegelaat word, sal sodanige transaksies dieselfde regte en verpligtinge op die Rekeninghouer plaas asof die PIN verskaf is. KLK word onherroeplik deur die Rekeninghouer gemagtig om enige bedrag van sodanige transaksies teen die Rekeninghouer se rekening te hef.

REGTE & PLIGTE VAN REKENINGHOUERS:

1. Die PIN verleen aan Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes toegang tot aankope en verkryging van goedere en dienste op Rekeninghouers se rekeninge by KLK.
2. Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes moet hulle PIN veilig bewaar en die konfidensialiteit daarvan beskerm, deur dit aan niemand (selfs nie eers KLK werknemers) te openbaar nie.
3. Om sekuriteitsredes moet 'n PIN gememoriseer word en nêrens neergeskryf word nie. 'n PIN moet verder op 'n gereelde basis gewysig word om misbruik deur derde partye te voorkom.
4. Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes is verantwoordelik vir alle transaksies wat deur hulle PIN gemagtig word, selfs al was dit nie hulle bedoeling nie en selfs al is sodanige transaksie nie spesifiek deur hulle gemagtig nie.
5. Bedrieglike of ongemagtigde transaksies wat deur 'n PIN gemagtig is, sal steeds teen die betrokke Rekeninghouer se rekening gehef word en bly betaalbaar.
6. Dit is derhalwe die verantwoordelikheid van Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes om onmiddellik en sonder enige vertraging die vermoedelike misbruik van 'n PIN skriftelik aan KLK te rapporteer (by die epos adres vermeld in paragraaf 7 hieronder) en die PIN te wysig.
7. Dit is die verantwoordelikheid van die Rekeninghouer om KLK skriftelik in kennis te stel indien die magtiging en PIN van 'n Gevolmagtigde herroep word. Skriftelike kennisgewing moet gestuur word aan: debiteure@klk.co.za

AANSPREEKLIKHEID VIR TRANSAKSIES / VERLIESE:

1. Rekeninghouers is aanspreeklik vir alle transaksies waarin 'n PIN, gekoppel aan hulle rekeninge, gebruik word, selfs waar sodanige PIN deur 'n ongemagtigde persoon vir ongemagtigde transaksies gebruik word en selfs waar sodanige transaksies die kredietlimiet van die rekening (indien van toepassing) of beskikbare fondse op die rekening oorskry.
2. Dit is Rekeninghouers se verantwoordelikheid om rekeningstate na te gaan en die akkuraatheid van alle transaksies te verifieer. Ongemagtigde en onakkurate transaksies moet onverwyld skriftelik aan KLK gerapporteer word. Transaksies sal as korrek aanvaar word, tensy die Rekeninghouer binne 30 (dertig) kalenderdae na datum van staat, skriftelik aan KLK kennis gee van enige foutiewe transaksies.
3. Rekeninghouers sal nie aanspreeklik wees vir verliese as gevolg van tegniese probleme, stelsel - of ander foute deur KLK nie.

LIMIET VAN REKENING GEKOPPEL AAN PIN:

Rekeninghouers onderneem om toe te sien dat geen transaksies met 'n PIN deur hulle of hulle gevolmagtigdes gedoen word, wat sal veroorsaak dat die kredietlimiet op hulle rekening oorskry word nie. Indien aankope om welke rede ook al, die kredietlimiet op die gekoppelde rekening oorskry, sal die Rekeninghouer vir die betaling van sodanige oorskryding aanspreeklik wees, welke oorskrydingsbedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees.

VERIFIKASIE VAN TRANSAKSIES:

Alle transaksies deur Rekeninghouers en hulle gevolmagtigdes, deur die gebruik van 'n PIN, is onderhewig aan verifikasie en aanvaarding deur KLK, welke verifikasie en aanvaarding mag plaasvind op 'n latere datum na die betrokke transaksie.

WYSIGING PIN VOORWAARDES & TERME:

KLK behou die reg voor om die terme en voorwaardes vir die gebruik van 'n PIN te wysig. Behoorlike kennis sal van sodanige wysiging sal aan alle Rekeninghouers gegee word. Enige gebruik van 'n PIN na datum van kennisgewing van wysiging, sal geag word as 'n toestemming tot die gewysigde terme en voorwaardes.

BEËINDIGING VAN DIE OOREENKOMS:

Indien hierdie ooreenkoms nie deur Rekeninghouers of hulle gevolmagtigdes nagekom word nie, sal KLK geregtig wees om die gebruik van 'n PIN, gedeeltelik of geheel op te skort en die ooreenkoms summier te kanselleer sonder verdere kennisgewing. Ondanks die beëindiging van die ooreenkoms bly die Rekeninghouer aanspreeklik vir alle uitstaande verpligtinge.

AANWYS VAN GEVOLMAGTIGDES:

Hiermee word magtiging verleen dat die persone, soos gelys in **Skedule 1**, elkeen 'n afsonderlike PIN mag ontvang en dit mag gebruik vir transaksie(s) op die Rekeninghouer se rekening by instansies deur KLK aangewys.

KOMMUNIKASIE DEUR KLK

1. Die Rekeninghouers en gevolmagtigdes verleen hiermee toestemming dat alle kommunikasie wat KLK aan hulle rig, by wyse van elektroniese boodskappe na hulle selfoon of per epos na hulle epos adres, soos vervat in hierdie ooreenkoms, mag geskied en dat sodanige kommunikasie beskou sal word as voldoende skriftelike kennisgewing.
2. Dit is die verantwoordelikheid van Rekeninghouers en gevolmagtigdes om KLK skriftelik in kennis te stel indien hulle epos adresse en/of selfoonnommers verander. Skriftelike kennisgewing moet ook gestuur word aan: debiteure@klk.co.za

HANTERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Rekeninghouers en gevolmagtigdes verleen hiermee toestemming aan KLK om hulle persoonlike inligting ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (wet 4 van 2013) [*POPIA*] en KLK se Privaatheidsbeleid te hanteer, soos benodig om behoorlike uitvoering te gee aan die Hoofooreenkoms, asook hierdie Addendum en voortspruitende transaksies op die Rekeninghouer se rekening.

.....
ALLE PARTYE PARAFEER // ALL PARTIES TO INITIAL

GETEKEN te ..... **op hierdie**..... **dag van** ..... **20**.....**.**

_____ **GETUIE:**_____ _____

Handtekening namens / van Rekeninghouer **NAAM EN VAN** **HANDTEKENING**

Hierin verteenwoordig deur _____ *(Volle naam en van)*, wie sertifiseer dat hy/sy hierdie terme en voorwaardes vir die gebruik van 'n PIN gelees het, dit verstaan en behoorlik gemagtig is om die Rekeninghouer daartoe te verbind.

SKEDULE 1

	Volle Name	Van	Identiteitsnommer	Selfoon nommer	Epos Adres
1					
2					
3					
4					
5					

DEUR ONDERTEKENING SERTIFISEER EK DAT EK DIE TERME EN VOORWAARDES VIR DIE GEBRUIK VAN 'N PIN GELEES HET, DIT VERSTAAN EN MYSELF TOT DIE NAKOMING DAARVAN VERBIND. EK VERLEEN OOK DIE VEREISTE TOESTEMMINGS, WAT INSLUIT, MAAR NIE BEPERK IS TOT KOMMUNIKASIE DEUR ELEKTRONIESE BOODSKAPPE EN DIE HANTERING VAN MY PERSOONLIKE INLIGTING KRAGTENS POPIA.

_____ **GETUIE:**_____ _____

Handtekening van Gevolmagtigde 1 **NAAM EN VAN** **HANDTEKENING**

_____ **GETUIE:**_____ _____

Handtekening van Gevolmagtigde 2 **NAAM EN VAN** **HANDTEKENING**

_____ **GETUIE:**_____ _____

Handtekening van Gevolmagtigde 3 **NAAM EN VAN** **HANDTEKENING**

_____ **GETUIE:**_____ _____

Handtekening van Gevolmagtigde 4 **NAAM EN VAN** **HANDTEKENING**

_____ **GETUIE:**_____ _____

Handtekening van Gevolmagtigde 5 **NAAM EN VAN** **HANDTEKENING**

.....

ALLE PARTYE PARAFEER // ALL PARTIES TO INITIAL